



markplek belegging
Deur Andrew Duvenage en Paul Marais

EKONOMIE

Vooruitsigte vir SA inflasie

'n Kykie na die magte wat prysverhogings in Suid-Afrika in die res van die jaar sal bepaal.

Verbruikersprysinflasie het van 'n hoogtepunt van 5,2% in Mei tot 4,9% in Junie en 4,6% in Julie gedaal, volgens Statistieke Suid-Afrika. Dis goed binne die monetêrebeleidskomitee se inflasietekensbestek van tussen 3% en 6% per jaar en net effens bo die bestek se middelpunt van 4,5% per jaar wat die komitee verkies.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) probeer SA se inflasiekoers beheer deur rentekoerse te bepaal om sy tekensbestek te bereik. Die idee daarmee is dat rentekoerse die prys van geld is en hoe duurder geld is (op grond van hoër rentekoerse), hoe minder geld sal goedere en dienste najaag. Wanneer die vraag – uitgedruk as die hoeveelheid beskikbare geld – relatief tot die aanbod afneem, sal pryse stadiger styg of daal. Die teenoorgestelde word ook as waar beskou: Laer rentekoerse maak geld goedkoper, wat die vraag relatief tot die aanbod laat toeneem en pryse laat styg.

Dit lyk of inflasie te midde van hoë onsekerheidsvlakke, min sakevertroue en hemelhoë werkloosheidsyfers die een ding is waaroor ons – voorlopig – nie besorg hoef te wees nie. Die vraag is egter hoe lank dit só sal bly.

Die drie grootste items in die verbruikersprysindeks (VPI) is behuising en nutsdienste, wat 'n gewig van 25% het, voedsel en niealkoholiese drinkgoed, met 'n gewig van 17%, en vervoer, wat 17% verteenwoordig. Dié drie items verteenwoordig saam byna 60% van die VPI.

Volgens die VPI-syfers vir Julie was behuising- en nutsdiensinflasie 'n redelike 3,8%. Elektriesiteit – 'n komponent van behuising en nutsdienste – het egter op 'n jaargrondslag met 6,2% gestyg – wat by die boonste grens van die tekensbestek is. Die jaar-tot-jaar-verandering vir Julie was 13%.

Ongelukkig sal elektrisiteitspryse waarskynlik nie afkoel nie. Regulasies om entiteite toe te laat om self tot 100 megawatt op te wek, sal waarskynlik veroorsaak dat “goeie betalings” uit Eskom se rekeninge verwyder word, wat verdere druk op die nutsdiensverskaffer sal plaas. Eers wanneer die oorskotaanbod uit dié bronne na die netwerk oorgedra word, sal dit 'n deflisionêre uitwerking hê – en dit gaan nie gou gebeur nie.

Daar is ander faktore wat die koste van elektrisiteit beïnvloed. André de Ruyter, uitvoerende hoof van Eskom, verwag dat die onlangse ontploffing by Medupi bykomende koste van R2 miljard vir die beleëde krag-nutsmaatskappy sal meebring.

Die inflasiekoers vir voedsel en niealkoholiese drinkgoed het ná 'n hoogtepunt van 7% in Junie – die hoogste koers sedert Junie 2017 – effens tot 6,7% teruggesak. Voedselinflasie het sedert die laaste kwartaal van verlede jaar bestendig toegeneem en dit was op 5,2% die hoofaandrywer van April se hoër inflasiesyfer. Die stygende koste van landbou-insette, soos energie, kunsmis

en voer, het alles 'n uitwerking op voedselinflasie. Die internasionale mielieprys speel 'n groot rol in die styging van voedselinflasie. Stygende brandstofpryse beïnvloed voedselinflasie ook omdat baie van die land se kos per pad vervoer word.

Die goeie nuus is dat die internasionale pryse van landboukommoditeite na verwagting in die tweede helfte van vanjaar effens sal bedaar, met SA landboukommoditeitpryse wat na verwagting dieselfde sal doen. Dit kan goed wees vir plaaslike voedselprysinflasie.

Vervoerinflasie was in Julie 8% – weer bo die boonste grens van die SARB se inflasietekensbestek. 'n Styging in brandstofpryse lei tot 'n styging in vervoerkoste en beïnvloed die koste van enige goedere en dienste wat van vervoer afhanklik is en het dus verreikende gevolge.

'n Bron wat 'n inflasieverassing kan veroorsaak, is die openbare sektor se loonrekening. Vanjaar se verhoging van 1,5% lyk dalk na 'n beperkte onderhandelde verhoging, maar sodra die maandelikse toelae ingereken is, is die reële verhoging nader aan 4,9%. Dit sal waarskynlik die uitwerking van groter besteding hê.

SA se inflasiedinamiek bestaan egter nie in 'n vakuum nie. Die internasionale konteks bly relevant, selfs al is invoer tans minder as normaalweg. Die rede daarvoor is dat internasionale inflasie deur die pryse van ingevoerde goedere en dienste na SA inflasie sal deursyfer.

Die inflasiekoers in die G7-lande – Kanada, Frankryk, Duitsland, Italië, Japan, Brittanje en Amerika – en die Europese Unie (EU) is tans 3,9%, teenoor 'n historiese gemiddelde van 3,7%. Gevolglik flits geen gevaarligte aan dié front nie.

'n Nuttiger maatstaf om te oorweeg, is die lande wat SA se handelsgewegde rand verteenwoordig. In dié maatstaf, wat deur die SARB bereken word, het die euro 'n gewig van 31%, die Chinese yuan 25% en die Amerikaanse dollar 10%. Enige ingevoerde inflasie sal waarskynlik uit dié drie geldeenhede kom. Duitsland se inflasie – as aanduiding van die groter EU – is tans 3,8% per jaar, met China op -1,7% en Amerika op 5,3%. Weer is daar geen belangrike gevaarligte nie.

Die goeie nuus vir SA is dat inflasie beperk word en nie enige tradisionele beleidgrypings vereis nie. 'n Groot risiko vir plaaslike inflasie sal wees as die SARB se mandaat gewysig word om 'n soort “volle indiensneming”-komponent in te sluit wat rentekoerse laer en inflasie hoër sal dwing en sal beteken dat die tekensbestek aangepas moet word. Dis bemoedigend dat dit onwaarskynlik lyk vanweë onlangse opmerkings deur die bank dat die inflasietekens dalk afwaarts aangepas sal moet word. ■

terugvoer@finweek.co.za

Andrew Duvenage is die besturende direkteur van NFB Private Wealth Management en **Paul Marais** is die besturende direkteur van NFB Asset Management.



Regulasies om entiteite toe te laat om self tot 100 megawatt op te wek, sal waarskynlik veroorsaak dat “goeie betalings” uit Eskom se rekeninge verwyder word, wat verdere druk op die nutsdiensverskaffer sal plaas.